

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
4 Februarie 1979

Onderwerp: Ons kinders se geestelike welstand  
Biddag vir die Jeug

Lees: Klaagliedere 2 verse 13 tot 22

Teks: Klaagliedere 2 vers 19

Sing: Psalm 68 vers 13  
Gesang 306 vers 1  
Gesang 177 verse 1 en 5

“Jeremia het hierdie woorde uitgeroep toe hy die beleëring en verwoesting van die trotse stad Jerusalem deur die Chaldeërs in 587 v.C. gesien het. Hy was ooggetuie van die vernietiging van Jerusalem. Dit was werklik iets om oor te ween dat mense die lieflikste stede gebou het, om daarna in oorloë soos ploeglande omgeploeg te word. Só is Hiroshima op ’n Sondagmôre deur een atoombom met die grond gelyk gemaak.

“Maar daar was ’n groot verskil tussen die vernietiging van Hiroshima en Jerusalem. Jerusalem is nie net met mensehande vernietig nie. Dit was die HERE wat daar sy altaar en heiligdom verwerp het. En die oorsaak daarvan was die sonde!

“Die vernietiging, wreedhede, vernedering en ellende van die Jode was onbeskryflik. En soos dit telkens in oorloë die geval was, was dit die kinders wat dit die swaarste moes ontgeld en wat die bitterste gelyk het. As gevolg van die langdurige beleëring was daar nie meer kos in die stad nie. Die gevolg was matelose hongersnood. Ouers het niks gehad om vir hulle kinders te ete te gee nie; en kinders en suigelingte het tevergeefs om voedsel gesmeek.

“Onder hierdie omstandighede het Jeremia geen beter uitweg geken as om tot God te bid nie. Hy het die volk opgeroep om hulle te bekeer. Hy het vir hulle ingetree en vir hulle by God voorspraak gedoen.

“Wanneer ons kerk vandag oor die welsyn van ons Jeug nadink, moet ons in die eerste instansie die HERE dank dat ons nie soos Jeremia rede het om voor God te weeklaag vanweë broodsgebrek nie. Daar is Goddank nog nie sprake van hongersnood in ons land nie. Wat lewensmiddele en lewenspeil betref, het ons in teendeel nog oorvloed. Deur God se genade het ons

geen probleem om in ons kinders se liggaamlike behoeftes te voorsien nie. Ons het ontsaglik veel stof tot dankbaarheid.

“Hierteenoor is die vraag vanmôre of baie van ons kinders nie in geestelike nood is nie? Jeremia se woorde kan net sowel op die geestelike nood van baie van ons kinders van toepassing wees: ‘Staan op, skreeu in die nag by die begin van die nagwake, stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die HERE, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders wat versmag van honger by die hoek van al die strate.’ (Klaagl 2:19)

“Broers en Susters, dit is ’n feit dat die Jeug van vandag vasgevang is in die greep van ’n tydgees wat vir heilige dinge geen plek het nie. En daardie greep word met die gang van die jare net vaster. Daarom heers daar in die gemoed van ons jongmense dikwels ontsettende verwarring en onsekerheid. Hulle verkeer letterlik en figuurlik op die hoek van al die strate. Dit is paaie wat elkeen op sy beurt nooi en wink met die aanloklikste en verleidelikste aanbiedinge aan ontvanklike harte. Baie het reeds geval deur die swaard van die vyand: ‘Op die grond lê jonk en oud in die strate; my jonkvroue en my jongmanne het deur die swaard geval’. (Klaagl 2:21) Daar is vertrapte eer, vernielde hoop en baie is oorgegee aan die vors van die dood.

“In hierdie tyd van benoudheid, wanneer ons jeug só beleër word, soek God gelowiges in sy Kerk en onder ons volk, wat die hande soos Jeremia van ouds sal ophef ter wille van die lewe en redding van ons kinders. Mense wat nie sal omgee om selfs in nagtelike ure vir hulle te bid en onophoudelik vir hulle in te tree nie, omdat dit vir hulle gaan oor hulle kosbaarste besitting: die Kerk van môre en die volk van die toekoms.

“Broers en Susters, die toekoms sal veel afhang van wat ons met en vir ons jeug doen op geestelike gebied. Die stryd is gewis verlore as hierdie mense nie geestelik paraat is nie. Hulle lewens moet deur God regeer en bestier word. Hulle rigsnoer op die lewenspad moet die onwrikbare geloof in God wees. Hulle moet weet dat die Woord van God die onbetwisbare waarheid is. Méér nog, dat dit die enigste norm is waarvolgens die lewe ingerig moet word. Hulle moet geleer word om met die uitsprake van die Bybel rekening te hou in hulle soeke na antwoorde op hulle vrae en oplossings vir hulle vraagstukke. En hulle moet hulle nie deur die sekulêre tydgees laat lei nie. Dit moet by hulle

ingeskerp word dat die mens ten alle tye en in alle situasies 'n verantwoordelike wese is, omdat God jou aangespreek het en jy teenoor Hom 'n antwoord verskuldig is.

“Wat sal ons dan vir ons Jeug bid?

“Broers en Susters, dat die HERE op hulle lewens beslag sal lê. En dat hulle hul volkome aan die Here Jesus sal oorgee as die enigste Leidsman van hulle lewens. Hy is die Brood van die lewe, die enigste ware Brood wat sielehonger stilmaak.

“Ons moet vra dat hulle oorwinnaars sal wees in die stryd teen die sonde.

“Ons moet bid dat God ons kinders sterk sal maak in die geloof vir die stryd en taak wat op hulle wag.

“Ons moet vra dat God sal gee dat hulle ryk in Godvrug en voorbeeldig in lewenswandel sal wees en dat hulle aan die Kerk getrou sal bly.

“Ons moet bid dat hulle sal besef dat ons volk 'n roeping in Suid-Afrika het.

“Maar Broers en Susters, dit is belangrik dat as ons hierdie dinge vir ons kinders begeer, dit ook waar moet wees in ons eie lewens. Dat God beslag gelê het op ons eie lewens. Dat ons aan Jesus oorgegee is en dat die Woord van God die enigste norm in ons lewens is. Dit skep 'n ontsettende verwarring in die lewe van jongmense as volwassenes een ding preek, terwyl hulle die verkeerde doen.

“Die een groot verantwoordelikheid wat ons as ouers in hierdie omstandighede op ons skouers moet neem, is om te sorg dat ons toegerus is en in staat is om in die behoefte van honger harte te voorsien. Die Profeet het gesê: Skreeu in die nag en stort jou hart uit ter wille van jou kinders. Daar is ongetwyfeld menige ouer wat snags wakker lê met kommer oor sy of haar kind. Daardie rustelose nagwake kan nuttig deurgebring word in gebed.

“U en ek het 'n onmisbare en uiters belangrike plek in die vorming en uitbouing van ons seuns en dogters. Ons is die tuiniers wat God aangestel het om hulle soos plante op te kweek. Ons is die beeldhouers wat God daargestel het om ons kinders te vorm tot 'n sieraad in God se Kerk en volk. En 'n ouer mag hierdie plig nooit versuim of aan ander oorlaat nie. Hierdie taak kan u en ek alleen vervul as ons self vas staan in die geloof, in die gebed en in die Woord. Alleen dán kan ek my kind se hand vat en hom of haar na Jesus toe lei.

“En as dit gebeur, kan ons saam met Dawid in dankbaarheid voor God bely: ‘Welgeluksalig is die volk

met wie dit so gaan; welgeluksalig is die volk wie se God die HERE is!' (Ps 144:15)

"Laat ons en ons kinders dan op hierdie dag van gebed naby mekaar kom staan voor God se troon van genade. Laat ons opnuut ons liefde vir God en vir mekaar bely. Laat ons ons opnuut weer in heilige erns verbind tot die opweking en uitbeiteling van ons kinders se lewens. Laat ons die toekoms instap nie met wanhoop nie, maar met geloof en dankbaarheid vir ons Jeug. En vir die vastigheid wat ons nog onder hulle opmerk.

"Mag die vrees van die HERE in die hart van ouer en kind woon, want, soos die Spreukedigter sê, daarin is 'n groot sekerheid. Dit is die enigste sekerheid in ons snel veranderende en wisselvallige wêreld.

"Daarom 'staan op, skreeu in die nag by die begin van die nagwake, stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die HERE, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders'.

"Die boek Klaagliedere eindig met 'n vraagteken. Maar gelukkig het die kruis van Golgota hierdie vraagteken in 'n uitroepteken verander. By die kruis spaar God die stad en sy mense. Hy het die Verlosser buite die stad geneem en al sy toorn daar op Hom gewerp. Nou is daar nie meer veroordeling vir dié wat in Jesus Christus skuil nie.

"Die dag kom dat die nuwe Jerusalem vanuit die Hemel op aarde sal neerdaal. Dit sal 'n stad wees wat mense nie sal kan vernietig nie. Die mens sal dit ook nie wil vernietig nie, want God sal dan die mens van alle sonde gewas het.

"Daardie dag sal ons klaagliedere vir feessange verruil word.

"Amen."